
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# VERBRUIKERSTUDIES

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A (Kortvrae)** | | | |
| 1 | Kortvrae (Alle onderwerpe) | 40 | 20 |
| **AFDELING B (Langvrae)** | | | |
| 2 | Die Verbruiker | 40 | 40 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising en Interieur | 20 | 20 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. AL die vrae is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 Die … bereken die styging in pryse van goedere oor 'n tydperk.

A Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)
B Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB)
C Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE)
D Verbruikersprysindeks (VPI) (1)

1.1.2 ŉ … sal tot die volhoubare verbruik van elektrisiteit bydra.

A Elektriese geiser
B Songeiser
C Elektriese stoof
D Elektriese en gasstoof (1)

1.1.3 Max het die verkoper, wat geweier het om hom terug te betaal, hof toe geneem en die verkoper is deur 'n … kwytgeskeld.

A vrystellingsklousule
B onbillike sakepraktyk
C uitvissing-swendelskema
D afkoeltydperk (1)

1.1.4 In 'n onwettige piramideskema …

A ontvang alle lede dieselfde voordele.
B verkoop alle lede produkte deur direkte bemarking te gebruik.
C word alle lede deur bestaande lede gewerf.
D ontvang alle lede 'n gedeelte van die verkope. (1)

1.1.5 Die inligting op 'n voedseletiket wat die veiligheid van verbruikers waarborg:

A Vervaardiger se naam
B Voedingsinligting
C 'Gebruik-voor'-datum
D Netto massa/Lotnommer (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.6 Geneties gemodifiseerde oeste kan tot voedselsekerheid bydra omdat dit …

A groter weerstand teen siektes het.
B organies geproduseer word.
C nie mikroörganismes bevat nie.
D 'n hoë proteïeninhoud het. (1)

1.1.7 Nancy het seliakie/seliaksiekte ('coeliac disease'). Sy kan die volgende eet:

A Warmmelk-vanielje-sponskoek
B Meellose neuterige muffin
C Hawermeelheuning-skurwejantjie ('crunchie')
D Eierlose sjokoladekoek (1)

1.1.8 Die byvoeg van lesitien as 'n emulsifiseerder by voedsel help om …

A kristalvorming te voorkom.
B die voedingswaarde te verbeter.
C voedsel 'n sekere kleur te gee.
D olie en water permanent te meng. (1)

1.1.9 Voedsel word bestraal om …

A geur by vrugte en groente te voeg.
B rypwording te versnel.
C mikroörganismes te deaktiveer.
D oesopbrengs te verhoog. (1)

1.1.10 'n … persoon neem meer kilojoules in as wat hulle gebruik:

A Anoreksiese
B Vetsugtige
C Bulimiese
D Diabetiese (1)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Bestudeer die prentjies hieronder en beantwoord VRAAG 1.1.11 en 1.1.12.

|  |  |  |  |
|---|---|---|---|
| **Broek A:** | **Broek B:** | **Broek C:** | **Broek D:** |
| • Heupbroek 'Hipster'<br>• Wye pyp | • Belt wat op die middellyf vasmaak<br>• Wye pyp onder | • Sakke aan die kant, onder die middellyf<br>• Gekreukelde pyp onder die knie | • Belt op die middellyf<br>• Bostiksel op die middel-voulyn<br>• Noupassende pyp |

[Bron: blog.petitedressing.com]

1.1.11 Die broek wat die geskikste vir iemand met breë heupe is:

A Broek A
B Broek B
C Broek C
D Broek D (1)

1.1.12 Die broek wat mees waarskynlik 'n kort persoon langer sal laat vertoon:

A Broek A
B Broek B
C Broek C
D Broek D (1)

1.1.13 'n Goeie voorbeeld van die tegnologiese veranderings in klere kan in … jeans gesien word.

A 'baggy' (sakkerige)
B 'bootleg' (stewelpyp)
C 'stretch' (rekbare)
D 'ripped' (geskeurde) (1)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Lees die scenario hieronder en gebruik dit om VRAAG 1.1.14 en 1.1.15 te beantwoord.

| |
|---|
| Die Brian-gesin bestaan uit sewe lede met vier van hulle wat steeds op skool is. Hulle onthaal dikwels oor naweke en is baie aktief in sport. |
| [Eie teks] |

1.1.14 Die doeltreffende manier waarop die gesin die wasmasjien kan gebruik om nie-menslike energie te bespaar, is deur …

A 'n warmwatersiklus te gebruik.
B elke dag te was.
C die wasmasjien vol te laai wanneer gewas word.
D enkele items te was. (1)

1.1.15 Die geskikste wasmasjien vir hierdie gesin sal 'n … wees.

A 11 kg-bolaaier
B 7 kg-voorlaaier
C 3 kg-dubbelbalie
D 5 kg-was-en-droog-masjien (1)

1.1.16 … beheer help besighede met die vervaardiging van produkte volgens die vereiste standaarde.

A Voorraad-
B Gehalte-
C Finansiële
D Tyd- (1)

1.1.17 Om te bepaal of 'n besigheid die vermoë het om suksesvol te wees, moet 'n … gedoen word.

A kontantvloeiprojeksie
B produkpromosie
C marknavorsing
D uitvoerbaarheidstudie (1)

1.1.18 'n Entrepreneur moet … oorweeg wanneer daar besluit word op 'n produk om te verkoop.

A die beskikbaarheid van grondstowwe
B die etiket op die verpakking
C sy/haar verhouding met kliënte
D deeglike produksiebeplanning (1)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.19 Die gebruik van … verseker dat 'n besigheid 'n volhoubare produsent is.

A goedkoop chemikalieë vir skoonmaak
B bekostigbare bioafbreekbare verpakking
C regeneratiewe ingevoerde grondstowwe
D plaaslike nie-hernubare hulpbronne (1)

1.1.20 Musa se besigheid is winsgewend omdat hy by huidige neigings hou deur …

A jong werkers te huur.
B mededingende pryse te vra.
C aktief op sosiale media te wees.
D baie ure te werk. (1)

1.2 Pas die verduideliking in KOLOM B by die tipe belasting in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.6 H.

| **KOLOM A<br>TIPE BELASTING** | | **KOLOM B<br>VERDUIDELIKING** | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | LBS | A | word twee keer per jaar betaal |
| 1.2.2 | Brandstofheffing | B | betaalbaar op vinnig bewegende nie-noodsaaklike goedere |
| 1.2.3 | Aksynsbelasting | C | word van 'n maandelikse salaris afgetrek |
| 1.2.4 | BTW | D | betaalbaar op dividende |
| 1.2.5 | Voorlopige belasting | E | betaalbaar op 'n erfporsie/erfgoed |
| | | F | betaalbaar op petrolprodukte |
| | | G | word by die meeste produkte en dienste gevoeg |

(5 x 1) (5)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Mode wat oor 'n lang tydperk gewild bly

1.3.2 Verseker dat mode gedurig beweeg en verander

1.3.3 Mode wat verkope het wat baie vinnig styg en vinnig afneem (3 x 1) (3)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.4 Pas die funksie in KOLOM B by die voedselbymiddel in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.5 G.

| KOLOM A VOEDSELBYMIDDEL | KOLOM B FUNKSIE |
|---|---|
| 1.4.1 Swaeldioksied | A preserveer die tekstuur van voedsel |
| 1.4.2 Natriumbensoaat | B preserveer geprosesseerde vleis |
| 1.4.3 Nitrate | C voorkom die groei van muf op gebakte produkte |
| 1.4.4 Kalsiumpropionaat | D voorkom verbruining van droëvrugte |
| | E preserveer die geur van voedsel |
| | F bemoeilik bakteriese groei in vrugtesap |

(4 x 1) (4)

1.5 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.5.1 Die persentasie wat by die kosprys van goedere gevoeg word

1.5.2 'n Voorspelling oor wat kan gebeur as die produk swak verkoop

1.5.3 Die vermoë van 'n besigheid om produksie en verkope in stand te hou sonder om beskikbare kontant uit te put

1.5.4 'n Dokument wat die beweging van geld oor 'n toekomstige tydperk aandui (4 x 1) (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.6 Kies VIER stellings uit die lys hieronder wat op huur as 'n huisvestingsopsie van toepassing is. Skryf slegs die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Die deposito kan gebruik word om skade aan die eiendom te dek.
B Die huurder moet aanvangsgelde betaal.
C Die huurbedrag kan wissel.
D 'n Huurooreenkoms word deur die huurder en die verhuurder onderteken.
E Die huurder moet omvattende huiseienaarsversekering uitneem.
F Huur is vooruit betaalbaar.
G Die verhuurder is verantwoordelik vir die instandhouding van die eiendom.
H Die munisipaliteit moet die verhuring goedkeur. (4 x 1) (4)

**TOTAAL AFDELING A: 40**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: LANGVRAE

### VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Noem die rentekoers wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gehef word. (1)

2.2 Gee TWEE voorbeelde van hernubare energiebronne. (2)

2.3 Verduidelik die volgende met betrekking tot eiendomsbelasting wat deur 'n munisipaliteit gehef word:

2.3.1 Wie is verantwoordelik vir die betaling daarvan? (1)

2.3.2 Hoe bepaal die munisipaliteit die bedrag wat betaalbaar is? (1)

2.3.3 Waarvoor word die geld gebruik? (1)

2.4 Verduidelik hoe 'n huishouding elektrisiteitsverbruik kan verminder wanneer 'n huis tydens die wintermaande verhit word. (5)

2.5 Definieer die term *grysgoedere/parallelle invoere.* (3)

2.6 Verduidelik wat dit beteken as 'n produk 'n waarborg het. (2)

2.7 Verduidelik die term *inflasie*. (2)

2.8 Vergelyk 'n *stokvel* met 'n *multivlak-/stapelvlakbemarkingskema* onder die volgende opskrifte:

| Opskrifte | Stokvel | Multivlak-/Stapelvlak-bemarking |
|---|---|---|
| Stapelvlak | | |
| Verkoop van produkte | | |
| Betaling aan lede | | |

(6)

2.9 Noem DRIE maniere waarop verbruikers kan help om waterbesoedeling te verminder. (3)

2.10 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Munisipaliteite is verantwoordelik vir die bou en instandhouding van paaie en om stormwaterdreinering te voorsien.

Bespreek die negatiewe impak op die plaaslike gemeenskap as munisipaliteite hierdie verantwoordelikhede verwaarloos. (5)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.11 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Ben is buite 'n winkel deur 'n verkoopsman wat kragopwekkers verkoop, genader. Die verkoopsman het belowe dat die kragopwekker al Ben se elektriese toestelle sal laat werk. Ben het in die winkel ingegaan, die kontrak vir 'n huurkooptransaksie onderteken, 'n deposito betaal en die kragopwekker huis toe geneem. Hy het dit die volgende dag begin gebruik en vinnig besef dat die kragopwekker nie in staat is om die geiser en stoof te laat werk nie. Ben het onmiddellik die kragopwekker teruggeneem na die winkel en die kontrak gekanselleer. Die winkelbestuurder het geweier om Ben terug te betaal.
>
> [Eie teks]

Analiseer die reaksie van die winkelbestuurder met spesifieke verwysing na die afkoeltydperk en 'n onbillike sakepraktyk. (8)

**[40]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Gee DRIE voorbeelde van algemene voedselallergene wat in diereprodukte gevind word. (3)

3.2 Noem DRIE riglyne vir die bestuur van voedselallergieë. (3)

3.3 Noem VIER kenmerke van 'n persoon wat aan anoreksie ly. (4)

3.4 Noem TWEE voordele van die byvoeg van antioksidante by voedsel. (2)

3.5 Verduidelik hoe gastroënteritis oorgedra kan word. (3)

3.6 Verduidelik waarom amandelmelk geskik is vir mense wat laktose-intolerant is. (3)

3.7 Verduidelik waarom dokters, sielkundiges en dieetkundiges met die bestuur van bulimie geraadpleeg moet word. (4)

3.8 Bespreek die redes waarom organiese voedsel nie kan help om voedselsekerheid te handhaaf nie. (6)

3.9 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Baie Suid-Afrikaanse huishoudings voorsien in 'n sekere mate voedsel aan hulleself deur vrugte en groente te kweek en pluimvee in hulle agterplase aan te hou. Dit stel hulle in staat om genoeg vrugte, groente en pluimvee vir hulle eie behoeftes te hê. Hulle kan hulle oortollige vars produkte verkoop om 'n inkomste te genereer.
>
> [Eie teks]

Analiseer hoe die oorstromings in 2022 en 2023 hierdie huishoudings se voedselselfonderhouding of selfgenoegsaamheid kon geaffekteer het. (6)

3.10 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Beurtkrag kan die risiko van vetsug verhoog.
>
> [Aangepas uit Moneyweb.co.za, Julie 2022]

Regverdig die stelling hierbo. (6)
**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: KLEDING

4.1 Definieer die volgende terme:

4.1.1 Mode (2)

4.1.2 Kleredragkode (2)

4.2 Verduidelik die betekenis van *organiese tekstiele*. (2)

4.3 Beskryf waarom 'n vlootblou pak klere 'n goeie keuse vir 'n klerekas vir die werkswêreld is. (4)

4.4 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> **DIE VINNIGE MODEBEDRYF IS EEN VAN DIE MEES BESOEDELENDE IN DIE WÊRELD**
>
> Rewoven is 'n tekstielherwinning-aanvangsmaatskappy. Hulle verkry tekstielafval by die vervaardiger en herwin dit tot nuwe tekstielstowwe.
>
> [Aangepas uit *News24*, Oktober 2021]

Bespreek die positiewe impak wat Rewoven op die natuurlike en ekonomiese omgewing van die land sal hê, indien dit oral in Suid-Afrika geïmplementeer sou word. (4)

4.5 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Suid-Afrika het 'n gevaarpunt ('hot spot') vir A-graad vals replikas van klere-items geword, wat redelik moeilik is om van die oorspronklikes te onderskei.
>
> [Aangepas uit *Weekend Argus*, 4 Maart 2023]

4.5.1 Noem TWEE onwettige klerepraktyke wat oorspronklike produkte kopieer. (2)

4.5.2 Bespreek die impak wat die aankoop van replika-items op plaaslike opkomende klereontwerpers kan hê. (4)

**[20]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR**

5.1 Definieer die term *voltiteleienaarskap*. (2)

5.2 Verduidelik wat 'n *koopaanbod* is. (2)

5.3 Gee redes waarom dit goedkoper is om huishoudelike toestelle met kontant eerder as met 'n huurkooptransaksie aan te koop. (3)

5.4 Noem die koste waarvoor 'n voornemende huiseienaar, voor en gedurende die bou van 'n nuwe huis, verantwoordelik sal wees. (4)

5.5 Bestudeer die inligting oor 'n draagbare eenplaat-gasstoof hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




- Grootte: 30 x 30 cm vierkant
- Wegdoenbare, vervangbare gashouer wat aan die regterkant inpas
- Verwyderbare boonste plaat-raam
- 'n Stewige, ligte plastiekdratas
- Outomatiese aansteekskakelaar
- Kontantprys: R333,00
- Afbetalingskooptransaksie: R69,00 x 6 maande
- Deposito: R59,00
- Afbetalingsperiode: 6 maande

[Bron: Checkers Hyper/takealot/Alva]

5.5.1 Bereken die totale afbetalingskooptransaksie-prys van die draagbare gasstoof. Toon ALLE berekeninge. (3)

5.5.2 Analiseer hoe hierdie draagbare eenplaat-gasstoof:

(a) Menslike energie bespaar (3)

(b) 'n Nuttige aankoop vir 'n huishouding sal wees (3)
**[20]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 Maak 'n lys van die inligting wat op 'n produk se etiket behoort te verskyn. (4)

6.2 Noem watter TWEE van die 5 P's-bemarkingstrategieë deur die bekostigbaarheid en toeganklikheid van 'n produk aangedui word. (2)

6.3 Verduidelik waarom dit vir 'n besigheid voordelig is om plaaslik beskikbare grondstowwe te gebruik. (3)

6.4 Bespreek DRIE finansiële voordele vir 'n besigheid om opgeleide personeellede te hê. (3 x 2) (6)

6.5 Gee VIER gevolge van swak voorraadbeheer in 'n besigheid. (4)

6.6 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**EERSTE KAFEE**



Twee vasberade vrouens het daarvan gedroom om hulle eie koffiewinkel oop te maak. Hulle het 'n gebruikte skeepsvraghouer by Big Box Containers gekoop om hulle droom te bewaarheid. Die skeepsvraghouer was reeds met sonpanele, 'n gasstoof en blikke vir herwinning toegerus.

Stellenbosch is 'n baie gewilde toeristebestemming. Hulle het 'n bekostigbare ligging in die parkeerarea naby drie skole en op die pad na die Universiteit van Stellenbosch gevind.

Hulle bedien verskillende tipes koffie, versnaperinge, ligte maaltye en koffiebone. Hulle bak die reusemuffins waarvoor hulle bekend is en al hulle ander produkte op die perseel. Hulle bied 'n aansit- of wegneemopsie. Hulle gebruik herbruikbare of bioafbreekbare wegneemkoppies en -houers. Gereelde klante word lojaliteitkaarte aangebied.

[Aangepas uit Big Box Containers]

6.6.1 Identifiseer Eerste Kafee se teikenmark. (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.6.2 Verduidelik die voordele van die gebruik van 'n houer van Big Box Containers as 'n koffiewinkel. (4)

6.6.3 Maak 'n lys van maniere waarop die besigheid verbruikers kan aantrek. (4)

6.6.4 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| |
|---|
| Die totale koste om 24 reusemuffins te maak, is R300,00. 60% vir winsopslag word bygevoeg. |

Bereken die verkoopprys van EEN reusemuffin. Toon ALLE berekeninge. (3)

6.6.5 Analiseer maniere waarop die besigheid volhoubare produksie en verbruikbeginsels toepas. (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

*Kopiereg voorbehou*

SA EXAM PAPERS